BESIGHEIDSTUDIES

Wat is Besigheidstudies?

Die vak Besigheidstudies bestudeer die kennis, vaardighede, ingesteldhede en waardes wat belangrik is vir ingeligte, produktiewe, etiese en verantwoordelike deelname aan die formele en informele ekonomiese sektore. Die vak omvat besigheidsbeginsels, teorie en praktyk wat die ontwikkeling van entrepreneursinisiatiewe en volhoubare ondernemings- en ekonomiese groei ondersteun

Die doel van Besigheidstudies

Besigheidstudies sal verseker dat leerders:

- Noodsaaklike besigheidskennis, vaardighede en beginsels aanleer en toepas om produktief en winsgewend besigheid te doen in 'n veranderende besigheidsomgewing.

- Besigheidsgeleenthede skep; probleme kreatief oplos en risiko's neem, die regte van ander en ook die volhoubaarheid van die omgewing respekteer;
- Basiese leierskap- en bestuursvaardighede en -beginsels aanleer terwyl hulle met ander saamwerk om doelwitte te bereik;
- Gemotiveerde, selfgedissiplineerde, besinnende, lewenslange studente is wat hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik bestuur terwyl hulle werk om besigheidsdoelstellings te bereik;
- Daartoe verbind is om hulself en ander deur besigheidsgeleenthede en -ondernemings te ontwikkel;
- Formele werk kan bekom en in 'n posisie is om volhoubare entrepreneurs- en selfindiensnemingsloopbane te volg.

Onderwerpe waaroor jy kennis sal opdoen

- Impak van wetgewing op ondernemings (Wet op Gelyke Indiensneming, Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Nasionale Kredietwet, Wet op Verbruikersbeskerming , Wet op Arbeidsverhoudinge ens.)
- Menslike hulpbronfunksie: Prosedures m.b.t. werwing, keuring en onderhoudvoering, opstel van indiensnemingskontrakte, salarisvasstelling en werknemervoordele.
- Kreatiewe denke, spanwerk en probleemoplossing: Tegnieke word teoreties bespreek en ingeoefen in groepverband.
- Konflikbestuur: Hoe geskied onderhandeling, bemiddeling en arbitrasie? Die opstel en hantering van 'n grieweprosedure.
- Bestuur en leierskap: Kenmerke van verskillende leierskapstyle en situasies waar die gepaste styl aangewend kan word.
- Beleggings: Hoe werk aandele/effektetrusts/deposito's/buitelandse beleggings /eiendomsbelegging/aftree-annuïteite/uitkeerpolisse.
- Versekering: Hoe gaan ek te werk om 'n versekeringskontrak op te stel? Wat is 'n premie? Hoe werk die aweryklousule? Tipes versekering? Bybetaling.
- Ondernemingsvorme: Hoe gaan ek te werk om 'n eenmansaak/vennootskap/privaat maatskappy/openbare maatskappy ens. te stig?
- Bemarking: Opstel van advertensies, bemarkingsplan, vind van verspreidingskanale, registrasie van handelsmerke en patente.
- Produksie: Gehaltebeheer, verskillende produksiestelsels en produksielyne

BEROEPE

Besigheidsontleder, ekonoom, finansiële konsultant, aankopebestuurder, administratiewe bestuurder of
assistent, aktuaris, beursmakelaar, boekhouer, eiendomsagent, eiendomsbestuurder, handelsreisiger,

hoof- uitvoerende beampte, marknavorser, bemarkingsbestuurder, mediese ontvangsdame, modeaankoper,
onthaalkoördineerder, openbarebetrekkingebestuurder, menslikehulpbronbestuurder, arbeidskonsultant, produksiebestuurder, risikobestuurspesialis, takbestuurder, uitstallingskunstenaar, voorraadkontroleerder, aankopebestuurder, boekhouer, onderwyser, mediesepraktykbestuurder, administratiewe klerk, restaurantbestuurder, winkelbestuurder, forensiese ouditeur, boer ens.
Prokureurs/argitekte/dokters/tandartse of veeartse sal ook oor besigheidskennis moet beskik ten einde hul firmas of praktyke suksesvol te bestuur.